Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# REKENINGKUNDE V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

**NASIENRIGLYNE:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde item strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbel penalisering nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Vol punte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). LET WEL: waar bedrae op memo aangedui word as deel van bewerkings, word die metodepunt nie ook toegeken vir die finale antwoord nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. 'Bewerking' beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken 'Bewerking en een deel korrek'. *LET WEL*: Kontroleer bewerking beteken, dit moet +, –, x of ÷ wees volgens die kandidaat se antwoord.
10. In berekeninge moet punte nie toegeken word indien noemer en deler omgeruil is nie. – dit geld ook by verhoudings.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle moet die metodepunt nie toegeken word nie. Dui aan d.m.v. ☒.
12. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

## VRAAG 1

| 1.1.1 | **Gee TWEE redes waarom 'n Bankrekonsiliasie, as 'n interne beheermaatreël opgestel moet word.** |
|---|---|
| | Twee redes ✓ ✓<br>• Te verseker dat alle kontanttransaksies korrek aangeteken is.<br>• Om bedrieglike transaksies op te spoor.<br>• Om foute en weglatings op te spoor.<br>• Kennis te neem van uitstaande tjeks |

2

| 1.1.2 | **Verduidelik watter aanpassings aan die syfers in die finansiële state op 30 Junie 2019, einde van die finansiële jaar, gemaak moet word in verband met die vooruitgedateerde tjeks uitgereik. Verwys na die Bankrekonsiliasiestaat vir June 2019. Voorsien werklike syfers in jou antwoord.** |
|---|---|
| | ▪ Krediteurekontrole ✓ saldo sal toeneem met R10 400 ✓<br>▪ Bank ✓ saldo sal toeneem met R10 400 (tot R12 400) ✓ |

1.1.3

| ITEM | KOJ | KBJ | GEEN INSKRYWING |
|---|---|---|---|
| **Item 1** | | | **X** |
| **Item 2** | | | X ✓ |
| **Item 3** | | | X ✓ |
| **Item 4** | 5 300 ✓ | | |
| **Item 5** | | 1 450 ✓ | |
| **Item 6** | | 720 ✓ | |
| **Item 7** | 2 100 ✓ | 2 500 ✓ | |
| **Item 8** | | | X ✓ |
| **Item 9** | | | X ✓ |

9

**1.1.4 Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2019**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| Kt saldo volgens Bankstaat | | ✓ 21 370 |
| Krediteer uitstaande deposito | | ✓ 20 500 |
| Debiteer uitstaande tjeks | | |
| Nr. 1596 | ✓ 7 000 | |
| Nr. 1640 | ✓ 2 500 | |
| Nr. 1690 | ✓ 6 100 | |
| Dt saldo volgens Bankrekening | ✓☑ 26 270* | |
| | 41 870 | 41 870 |

*kontroleer bewerking

7

**1.1.5 Gedurende Augustus 2019 het die interne ouditeur ontdek dat die uitstaande deposito van R20 500 in die Bankrekonsiliasie-staat op 31 Julie 2019, as R5 500 op die Bankstaat (Item 3) verskyn. Die bedrag in die Bankstaat is korrek. Noem EEN probleem wat jy as interne ouditeur het. Gee EEN gepaste beheermaatreël om te voorkom dat dit in die toekoms weer kan gebeur. Verduidelik volledig.**

EEN bekommernis ✓ en EEN oplossing ✓✓

| BEKOMMERNIS | BEHEERMAATREËL |
|---|---|
| • Die geld is dalk gesteel<br>• Interne beheerprosesse is nie effektief nie<br>• Dalk vind bedrog plaas / oorrol van kontant (rolling of cash) | • Vergelyk kwitansies vir kontant daagliks met depositostrokies om te sien of alle kontant ontvang gedeponeer is.<br>• Stel interne beheerprosesse in plek – verdeling van pligte. Deposito's moet deur 'n assistent gekontroleer word.<br>• Reël vir kennisgewings via SMS van die bank en kontroleer dit met die KOJ.<br>Vir een punt:<br>• Ondersoek depositostrokies noukeurig vir foute.<br>• Verdeling van pligte. |

3

| 1.2.1 | **Waarom moet die saldo van die Krediteurekontrolerekening met die totaal van die Lys van Krediteure ooreenstem?** |
|---|---|

Enige aanvaarbare antwoord ✓✓

- Dit is ’n interne beheermaatreël – die joernale se bedrae word oorgeboek na die Krediteurekontrolerekening en Krediteure grootboek.
- Die Krediteurekontrolerekening is ’n opsomming van al die transaksies rakende die krediteure en die Lys van Krediteure is die totaal van al die krediteure se saldo’s.

2

| 1.2.2 | **Bereken die korrekte saldo’s van die Krediteurekontrolerekening en die Lys van Krediteure.** |
|---|---|

| | **Krediteure-kontrole** | **Lys van Krediteure** |
|---|---|---|
| **(a) Verkeerde saldo/totaal** | **49 560** | **36 410** |
| **(b)** | | - 520 ✓ |
| **(c)** | + 3 160✓ | + 3 160 ✓ |
| **(d)** | | + 270 ✓✓ |
| **(e)** | - 13 400✓✓<br>(- 6 700; - 6 700)<br>Een punt elk | |
| **Saldo/Totaal** ☑ | 39 320 | 39 320 |

8

35

## VRAAG 2

| | |
|---|---|
| **2.1** | **Kies die omskrywing in KOLOM B wat die beste by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.** |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1.1 | E | ✓ |
| 2.1.2 | C | ✓ |
| 2.1.3 | D | ✓ |
| 2.1.4 | B | ✓ |

**4**

| | |
|---|---|
| **2.2** | **Bereken die Direkte materiaalkoste** |

78 900✓ + 553 500✓ – 92 400✓ = 540 000 ☑

**4**

**Bereken die korrekte Fabrieksbokoste**

| **FABRIEKSBOKOSTE:** | |
|---|---|
| **Foutiewe fabrieksbokoste** | **350 000** |
| Waardevermindering | ✓ 84 030 |
| Indirekte materiaalkoste | ✓ (3 500) |
| Water en elektrisiteit (bewerking, enige een deel korrek)<br>✓ ✓ ☑ ✓<br>(10 290 / 2 x 4) = R20 580 / 7 x 4 = R11 760 – 10 290 | ☑ 1 470 |
| **Fabrieksbokoste vir die jaar** | ☑432 000 |

**8**

## 2.3 ALGEMENE GROOTBOEK VAN 4'OSEANE HANDELAARS
## GOEDERE-IN-BEWERKINGREKENING

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Saldo | a/b | 175 000 ✓ | | | Klaar produkte | | 1 872 000 ✓ |
| | | Direkte materiaalkoste ✓ | | 540 000 ☑ (sien 2.2) | | | Saldo | o/b | 355 000 ☑ |
| | | Direkte arbeid ✓ | | 1 080 000 ✓✓ | | | | | |
| | | Fabrieksbokoste ✓ | | 432 000 ☑ (sien 2.2) | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | 2 227 000 | | | | | 2 227 000 |
| | | | | | | | | | |

**10**

| | |
|---|---|
| **2.4** | **Bereken die volgende:** |
| **2.4.1** | **Verkoopsprys per eenheid:**<br>3 564 000 ✓ ÷ 396 000 ✓ = 9 ☑ (een deel korrek) |
| **2.4.2** | **Koste van Verkope:**<br>3 564 000 ✓ X 100/200 ✓ = 1 782 000 ☑ (een deel korrek)<br>Aanvaar ook: Klaarprodukte: 542 000 + 1 872 000 – 759 000 = 1 655 000 |
| **2.4.3** | **Veranderlike koste per eenheid:**<br>2 059 200 ✓ ÷ 374 400 ✓ = 5,50 ☑ (een deel korrek) |
| **2.4.4** | **Gelykbreekpunt:**<br>682 500 ✓ / (9 ☑ (Sien 2.4.1) – 5,50 (Sien 2.4.3) ☑) = 682 500 / 3,50<br>= 195 000 eenhede ☑ (een deel korrek) |

**3**

**3**

**3**

**4**

| | |
|---|---|
| **2.5** | **4'Oseane Handelaars verwag dat die vraag in die volgende finansiële jaar sal toeneem tot 600 000 eenhede. Hulle beplan om die hoeveelheid eenhede geproduseer, te verhoog om in hierdie vraag te voorsien. Hulle verwag dat vaste koste onveranderd sal bly.** |

**2.5.1 Verduidelik wat jy verstaan onder die term "gelykbreekpunt"**

**Geldige verduideliking** ✓✓

- Die aantal eenhede wat verkoop moet word ✓ om die vaste koste te dek. Daarna sal die onderneming begin wins maak. ✓
- Die punt waar totale inkomste gelyk is aan totale uitgawes. ✓✓

**2**

**2.5.2 Verduidelik watter effek die bostaande besluit sal hê op die vaste koste per eenheid en die gelykbreekpunt.**

**VASTE KOSTE PER EENHEID:**

Wanneer meer eenhede geproduseer word, sal vaste koste per eenheid afneem. ✓✓

**GELYKBREEKPUNT:**

As veranderlike koste vermeerder/verminder – gelykbreekpunt sal ook vermeerder of verminder. ✓✓

**4**

**45**

## VRAAG 3

**3.1.1 Verduidelik waarom 'n besigheid elke jaar 'n Kontantbegroting moet opstel.**

Enige geldige antwoord ✓✓

Om te beplan vir toekomstige ontvangstes en betalings om seker te maak dat hulle genoeg kontant het.
Prioritisering – neem korrektiewe aksies om afwykings reg te stel

**Moenie inkomstes en uitgawes aanvaar nie**.

**2**

**3.1.2 Bereken die verwagte ontvangstes van debiteure vir November 2019.**

225 000 ✓ / 75% ✓ = 300 000

300 000 x 25% = 75 000 ✓ x 95% ✓ = 71 250 ☑

OF 75 000 – 3 750 = 71 250
3 punte 1 punt 1 w/s punt

OF 225 000 x 25/75 x 95% = 71 250
1 punt 2 punte 1 punt 1 w/s punt

**5**

**3.1.3 Bereken die syfers soos aangedui deur A–E in die Kontantbegroting.**

| | |
|---|---|
| **A** | 123 000 ✓ |
| **B** | A + 45 000 = 168 000 ☑ |
| **C** | 158 245 – 390 000 = (231 755) ✓ |
| **D** | Net soos B = 168 000 ☑ |
| **E** | C + D = (63 755) ☑ |

**5**

**3.1.4 Vanaf 1 November 2019 het die huurinkomste met 8% verhoog. Bereken die bedrag vir huurinkomste vir November 2019.**

9 000 ✓ x 1,08 ✓ = 9 720 ☑ (een deel korrek)

OF 9 000 + 720 = 9 720

**3**

**3.1.5 Dink jy EmmaLee se kapitaalbydrae in November is genoeg om hierdie besigheid aan die gang te hou? Verskaf EEN rede, met syfers om jou antwoord te ondersteun.**

Enige geldige verduideliking
Uitstekend = 3 punte ; Goed = 2 punte ; Bevredigend = 1 punt ; Verkeerd = 0 punte .

Nee, haar kapitaalbydrae is nie genoeg om hierdie besigheid aan die gang te hou nie. Alhoewel die bankrekening in November 'n surplus toon, oorskry die betalings die ontvangstes in Desember.

Verwys na 3.1.3 (C en E) hierbo en merk volgens kandidaat se antwoord.

**3**

**3.1.6**

**Bereken die persentasie verhoging toegestaan aan die werkers vanaf 1 November 2019.**

4 200 ✓ / 105 000 ✓ x 100 = 4% ☑ (een deel korrek)

**Dink jy die werkers sal tevrede met hierdie verhoging? Verduidelik kortliks wees.**

Ja/Nee Enige geldige verduideliking ✓✓

Nee, die verhoging is laer as die inflasiekoers / die besigheid kan liewer 'n hoër verhoging gee as om geld in 'n vaste deposito te belê.
Ja, die besigheid se bankrekening is oortrokke. Hulle behoort dankbaar te wees dat daar wel 'n verhoging was.

**5**

**3.1.7**

**As interne ouditeur ontdek jy dat die werklike voertuiguitgawes vir Desember 2019 R5 420 was. Verskaf TWEE punte wat jy in jou interne ouditeursverslag aan EmmaLee sal insluit.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

- Die werklike uitgawes oorskry die begrote bedrag – oorspandeer
- Dalk was daar 'n onverwagte verhoging in brandstofpryse en onderhoudkoste
- Die gebruik van die voertuie moet ondersoek word om seker te maak die voertuie word verantwoordelik gebruik (nie misbruik nie)
- EmmaLee moet toesien dat die voertuie gereeld gediens word om onverwagte herstelwerk te voorkom

**4**

**3.1.8**

**Bereken die rente betaalbaar aan Oosbank in Desember 2019**.

139 500 ✓ x 80% ✓ = 111 600 x 11% / 12 ✓ = 1 023 ☑
2 punte (een deel korrek)

**Bereken die maandelikse terugbetalings van die kapitaalgedeelte van die lening, aan Oosbank.**

111 600 ☑ / 36 maande ✓ = 3 100 ☑ (een deel korrek)

**7**

**3.2.1** **BATEVERKOPE**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2019 Des | 31 | Voertuie ✓ | 130 000 ✓ | 2019 Des | 31 | Opgehoopte waardeverm-ing op voertuie ✓ | 58 000 ☑ bewerking |
| | | | | | | Bank ✓ | 72 000 ✓ |
| | | | 130 000 | | | | 130 000 |

**6**

**3.2.2 Nota tot Balansstaat op 28 Februarie 2019**

| **VASTE/TASBARE BATES** | **Grond en geboue** | **Voertuie** | **Toerusting** |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde aan begin van jaar** | 1 350 000 ✓ | **330 000** | **435 000** |
| **Kosprys** | 1 350 000 ✓ | **900 000** | **615 000** |
| **Opgehoopte waardevermindering** | **0** | **(570 000)** | (180 000) ✓ |
| **Bewegings:** | | | |
| Toevoegings teen kosprys | **230 000** | 306 000 ✓✓ | **300 000** |
| Bateverkope teen drawaarde | **0** | **(72 000)** | **0** |
| Waardevermindering | **0** | **(64 000)** | (90 000) ☑ Bewerking |
| | | | |
| **Drawaarde aan einde van jaar** | **1 580 000** | **500 000** | 645 000 ✓ |
| **Kosprys** | **1 580 000** | **1 076 000** | 915 000 ✓✓ |
| **Opgehoopte waardevermindering** | **0** | (576 000) ✓ | **(270 000)** |

**10**

**50**

## VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS EN BEDRYFSKAPITAAL

| | | |
|---|---|---|
| 4.1.1 | **Bruto winspersentasie op koste van verkope (winsopslag %)**<br><br>Bruto wins = 1 212 000;<br>Koste van verkope = 4 242 000 – 1 212 000 = 3 030 000<br><br>Winsgrens % = Bruto wins % = 1 212 000 ✓✓ / 3 030 000 ✓ x 100 / 1<br>= 40% ☑ | 4 |
| 4.1.2 | **Gemiddelde omsetsnelheid van voorraad**<br><br>3 030 000 ☑ sien 4.1.1 / ✓½ (368 000 + 392 000) ✓<br><br>= 3 030 000 / 380 000<br>= 8 keer ☑ | 4 |
| 4.1.3 | **Debiteure-invorderingstermyn in dae**<br><br>50% x 4 242 000 = 2 121 000<br><br>½ ✓ (153 800 + 156 200) ✓ x 365 ✓ / 2 121 000 ✓✓<br>= 26,7 dae or 27 dae ☑ | 6 |
| 4.2 | **Lewer kommentaar op die winsgewendheid van die besigheid vir hierdie finansiële jaar. Gee TWEE redes waarom hulle dalk nie hul beplande winsopslag van 50% bereik het nie.**<br><br>**Enige twee** ✓✓<br>• Krimping<br>• Produkte is nie korrek gemerk nie<br>• Diefstal<br>• Te veel kortings word aangebied | 2 |
| 4.3 | **Die boekhouer is tevrede dat die besigheid se likiditeit verbeter het en daar is geld om hul korttermynverpligtinge na te kom. Noem TWEE aanwysers, met syfers, om dit te bewys**.<br><br>Debiteure invorderingstermyn ✓ Debiteure betaal binne 27 dae ✓ sien 4.1.3<br>Omsetsnelheid van voorraad ✓ Verkoop voorraad 8 keer per jaar (verlede jaar 6 keer) ✓ | 4 |

**20**

**TOTAAL: 150**